

## Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Februarie 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 104:8, 9 (p. 510)

- 8 Uit boonste kamers ruis Gods reen, / die berge en aarde drink 'n seen;  
en gras skiet vier die veedier uit, / en vir die mens ontluik die kruid:
- 9 die brood wat hom sy kragte voed, / die wyn wat hom sy smart versoet,  
die olie wat sy aangesig, / deur leed verdof, met vreug verlig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 104:1, 2 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer  
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;  
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.

Gebed

Psalm 50:7, 11 (p. 255)

- 7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,  
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.  
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,  
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.  
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

**Skriflesing:** 1 Tessalonisense 5:12-28; Genesis 32:1-32;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 10:28

**Kernvers:** 1 Tessalonisense 5:18; Genesis 32:28

**Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus  
oor julle.** (1 Tessalonisense 5:18 AFR53)

**Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy  
het geworstel met God en met die mense en het oorwin.**

(Genesis 32:28 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy  
voorsienigheid onderhou?**

*Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees.  
Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan  
stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy  
hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).*

*(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4.  
(d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:25.*

**Tema:** Met die voorsienigheid van God bewerk die Heilige Gees dankbaarheid en vertrouwe in die gelowige

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, miskien het jy ook al gehoor iemand sê: Die helfte is my nie eers vertel nie. Gewoonlik sê iemand so iets wanneer hy op berig 'n besoek bring en beseft dat wat hy in die berig gehoor het nie eers naby dit kom wat hy met sy eie oë gesien en met sy eie ore gehoor het nie. Die koningin van Skeba het so gesê toe sy al die wysheid en rykdom van koning Salomo gesien het.

Die ongelowige vraagsteller in hierdie reeks preke aan die hand van ons Kategismus behoort na vanaand se gesprek ook te kan sê dat die helfte hom nog nie eers vertel is nie. Die Heilige Gees het die vraagsteller met die Woord soos wat die gelowige dit aan hom verkondig tot die oortuiging gekom dat niks in hierdie lewe somer toevallig gebeur nie. Met sy eie hand regeer en onderhou God die Vader sy skepping en elke skepsel daarin. Daarom het hy homself ingesluit in die laaste vraag wat hy aan die gelowige gestel het. Hy het gevra: **Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voor-sienigheid onderhou?**

Die gelowige het sy vraagsteller daarop gewys dat vir gelowiges daar drie noemenswaardige voordele is om te weet dat God alles geskep het en dit met sy voorsienigheid nog onderhou. 'n Mens kan ook praat van die vrug van die geloof om God as Vader te hê. Hierdie drie voordele is dat die gelowige in alle teëspoed geduldig en in alle voorspoed dankbaar kan wees. Daarby kan hy ook vir die toekoms sy vertrouwe ten volle in sy getroue God en Vader stel. Die tyd het die gelowige ongelukkig verlede week ingehaal sodat hy sy vraagsteller net kon vertel van die geduld wat die gelowige in alle teëspoed by God leer.

Ter wille van ons wat luister na die gesprek tussen die gelowige en sy vraagsteller gee hy net weer hierdie opsomming oor die geduld wat die gelowige in alle teëspoed leer. Egte Christelike geduld bestaan uit vier stappe. Eerstens buig 'n geduldig mens na die Here toe en erken dat dit God se hand is wat hierdie teëspoed beskik het. Tweedens buig die geduldige mens voor God en erken dat Hy reg gehandel het met jou. Derdens buig die geduldige mens onder God en erken dat God se werk met hom goed is. En vierdens buig die geduldige gelowige in die Here in, want by die Here bly dit vir hom die allerbeste. Christus het hom dan verlos om God as Vader te hê.

Nou moet ons egter verder luister na die ander twee voordele wat 'n gelowige het omdat hy weet dat God alles geskep het en dit nog met sy voorsienigheid onderhou en regeer. Hierdie kennis oor die voorsienigheid van God veroorsaak dat die gelowige in voorspoed dankbaar kan wees. Weereens moet ons daarop let dat die gelowige nie vir sy vraagsteller sê dat hy alreeds so dankbaar is nie. Net soos die geduld wat die gelowige aanleer, so moet hy ook aanleer om dankbaar te wees.

Die vraagsteller is op hierdie punt vinnig om te sê: Maar dit is mos maklik om dankbaar te wees in voorspoed. In vergelyking met geduld in teëspoed is dankbaar wees in voorspoed mos spotmaklik. Ons moet maar oplet van wie hierdie woorde kom – dit is die ongelowige vraagsteller wat so sê. Hy ken nog nie sy eie hart behoorlik nie en dit is duidelik dat hy ook nog nie weet wat egte gelowige dankbaarheid is nie.

Indien dit vir enige mens, insluitende die gelowige, so maklik was om dankbaar te wees in voorspoed, sou die Here mos nie die opdrag gegee het dat gelowiges in alles dankbaar moet wees nie. Dit is omdat gelowiges ook nog sondaars is dat hierdie opdrag aan hulle gegee word. Die natuurlike gesindheid van alle mense is dat hulle voorspoed as vanself-

sprekend aanvaar. As dit goed gaan met hulle aanvaar hulle dat dit maar net so moet wees. Gelowiges doen dit ook, want hulle vergeet dikwels dit is alleen ter wille van Christus dat God goeie dinge uit sy vaderhand hulle toekom. Daarom is egte dankbaarheid ondenkbaar sonder 'n innige verhouding met Jesus Christus. Jesus het in sy lewe op aarde volmaakte dankbaarheid gehad teenoor sy Vader. Onthou daardie keer toe Hy die vyf brode en twee visse gekry het by 'n seuntjie. Hy het heel eerste sy Vader gedank vir die kos en dit toe aan die mens laat uitdeel (Joh 6:11). Ook die keer toe Hy vir Lasarus uit die dood opgewek het, het Hy eers sy Vader gedank dat Hy sy gebede verhoor (Joh 11:41-42).

In eerste plek is egte dankbaarheid net soos egte geduld 'n geloofsdaad. Dit beteken dat 'n gelowige voortdurend daarop bedag moet wees dat hy sy kos en klere en huis nie net het omdat hy so hard werk nie. Niks van hierdie dinge sou moontlik wees as die Here dit nie as Vader aan hom geskenk het nie. Ja, maar die gelowige het mos hard gewerk vir hierdie goed, sê die vraagsteller. Dit is waar. Die gelowige het hard gewerk, maar dit is die Here wat aan hom die vermoë gegee het om die werk te doen. Dit is die Here wat aan hom die gesondheid gee sodat hy kan werk. Daarom bly dit altyd die gelowige se verantwoordelikheid om die Here telkens in gebed te dank vir alles wat hy uit God se vaderhand ontvang. Hoe langer hoe meer 'n gelowige oefen om onder leiding van die Heilige Gees God se hand in sy voorspoed raak te sien, hoe meer en meer word dit deel van sy geaardheid om die Here te dank.

In die tweede plek gaan egte dankbaarheid vir die gelowige ook gepaard met 'n besef dat hy nie al hierdie guns en goedheid van die Here werd is nie. Om die waarheid te sê, hy weet dat hy geheel en al onwaardig is om elke dag in goeie gesondheid te mag opstaan, 'n werk te hê en alles wat daarmee saamgaan. Die gelowige weet dat hy op niks van die dinge wat hy kry geregtig is nie, want die Here is niks aan Hom verskuldig nie. In sy diepste wese is hy immers 'n sondaar wat die ewige dood verdien. Maar ter wille van sy Seun Christus is God die getroue God en Vader ook van die gelowige. Daarom gee Hy aan hom alles wat hy vir liggaam en siel nodig het en nie omdat die gelowige dit verdien nie.

Op hierdie punt blaai die gelowige sy Bybel oop na Genesis 32 toe en hy vertel verder aan die vraagsteller: In hierdie geskiedenis van die Here met Jakob hoor ons ook hoe Jakob al geleer het om dankbaar te wees. Toe hy by die boodskappers verneem het dat Esau met vier honderd man na hom toe op pad is, het hy tot die Here gebid. En in sy gebed erken hy dit met soveel woorde dat hy nie al die trou en gunsbewyse van die Here werd is nie. Alles wat hy in sy besit het, is deur en deur genade van die Here aan hom.

Maar daar is iets wat ons in hierdie geskiedenis van die Here met Jakob nie uit die oog moet verloor nie. Dit is dat dankbaarheid en vertrouwe in die Here eintlik hand aan hand gaan. Dit is bitter moeilik om die Here te dank as jy Hom nie ook vertrou nie. Daarom moet 'n mens oplet dat Jakob al geleer het om dankbaar te wees, soos dit ook uit sy gebed bekend word. Maar hy is nog nie volmaak dankbaar nie, want daar is by hom nog nie volmaakte vertrouwe in God nie.

Wanneer 'n mens Jakob se lewe in oënskou neem soos wat dit beskryf word van Genesis 25 af tot hier, kry 'n mens die indruk dat Jakob iemand is wat alewig plannetjies maak sodat die dinge vir hom mooi netjies in sy kraal pas. Alhoewel hy van vroeg af geweet het watter belofte die Here aan sy ma in verband met hom gemaak het, wil hy self die voorwaardes stel om hierdie beloftes te verkry. Kyk maar hoe het hy die eersgeboortereg en die eersgeboorteseën in die hande gekry (Gen 25:29-34; 27). Selfs op sy vlug weg van

Esau af het hy met die Here probeer onderhandel. Hy het gesê as die Here hom op sy pad beskerm en weer terugbring na sy ouerhuis sal die Here sy God wees (Gen 28).

En in hierdie hoofstuk sien ons weer hoe Jakob sy eie plannetjies maak. Hy het so pas die Here in gebed gedank vir sy guns en trou aan hom. Hy het selfs die Here se beloftes aan hom in hierdie gebed in herinnering geroep. Maar sodra hy klaar gebid het, begin hy weer planne maak om Esau se welwillendheid met 'n klomp geskenke te wen. Hy het dankie gesê vir die Here, maar hy het nog nie geleer om ten volle op die Here te vertrou nie. Daarom het hy al begin gemaak om dankbaar te wees in voorspoed, maar hy het dit nog nie ten volle nie. En dit is wat die Here vir hom op 'n baie ferm en duidelike manier by die Jabbokdrif geleer het.

Toe Jakob alleen aan die oorkant van die drif was, het 'n Man met hom gestoei tot dagbreek toe. Uit wat ons hier hoor, weet ons verseker dat hierdie Man God self is. En uit wat ons in die res van die Skrif aangaande ons Drie-enige God leer ken, is hierdie Man die Seun van God, want dit is net die Seun van God wat ook 'n menslike natuur het.

God laat Jakob die hele nag met Hom worstel tot kort voor dagbreek. Natuurlik kon God Jakob vroeg in die worsteling al platgeslaan het, maar Hy doen dit nie. Jakob moet self agterkom hoe hy van geaardheid is. Kort voor dagbreek slaan God Jakob toe op die heup sodat sy heup uit potjie gegaan het en hy nie verder kon worstel nie. Wanneer die Here dan vir hom sê dat hy teen God en teen mense geworstel het en enduit daarmee aangehou het, weet Jakob dit is die waarheid. Hy het oor en oor sy eie plannetjies gemaak sodat mense sal doen wat hy graag wil hê. Hy het met God geworstel. In plaas daarvan dat hy gewag het totdat die Here self sy beloftes in verband met hom waar maak, gryp hy na die eersgeboorte-reg en eersgeboorteseën. Hy het in hierdie nag by die drif aan sy eie lyf gevoel hoe hy met God geworstel het en nie wou bes gee nie.

En as die Here dan vir Jakob op die heup slaan, sodat hy mank was van daardie dag af, kon Jakob by homself dink: Dit is nou mooi. Nou is ek kreupel en my broer Esau is met vier honderd man op pad na my toe. Hier gaan moeilikheid kom en hoe gaan ek myself en my huis kan verdedig?

Wanneer die Here dan Jakob se naam verander, sê Hy ook vir hom daarmee dat hy nou moet leer om sy vertroude ten volle in die Here alleen te stel. Waar Jakob *bedrieër* beteken – die man wat alewig self sy dinge wil uitwerk sodat dit hom pas – beteken die naam Israel *God voer die stryd* – nou moet Jakob al meer die man word wat net in God sy vertroude stel. Met hierdie nuwe naam sê die Here vir hom: Jakob, jy moet nou ophou om met mense en God te worstel. God self sal vir jou die stryd voer en die oorwinning gee. Nou moet jy op die Here alleen staat maak.

Met hierdie verkondiging bring die Heilige Gees lig vir die vraagsteller. Hy begin agterkom wat die leer van die voorsienigheid regtig in 'n gelowige se lewe veroorsaak. Daarom sê hy vir die gelowige: Dit beteken dan mos dat Jakob homself geheel en al in die hande van die Here moet oorgee. En dit terwyl hy weet sy broer Esau is met vier honderd man op pad na hom toe.

Ja, sê die gelowige, dit is presies wat die Here van Jakob verwag – blymoedige oorgawe aan Hom, want Hy wil Vader wees vir sy kinders. Hulle moet hulleself oor niks kwel en oor niks besorg wees nie. As Hy 'n belofte gemaak het om sy kind te beskerm, soos wat Hy aan Jakob beloof het, sal Hy daardie belofte gestand doen. Al lyk dit vir die mens geheel en al onmoontlik, niks is vir God onmoontlik nie. In die verdere geskiedenis sien 'n mens

hoe die Here vir Jakob teen Esau beskerm het. Daar was geen geveg nie. Die Here het gedoen wat Hy alleen kan doen. Die Heilige Gees het Esau se gesindheid teenoor Jakob verander en so het Jakob behoue gebly soos God aan hom beloof het.

Die vraagsteller kom egter nie net tot die insig dat vertrou in God as Vader so 'n totale oorgawe vir die alledaagse dinge beteken nie. In sy gesprek met die gelowige het vraagsteller al voorheen te doen gekry met die begrip *vertroue*. Dit was toe die gelowige aan hom vertel het wat ware geloof is. Ware geloof is aan die een kant om te weet dat dit wat die Here in sy Woord aan ons openbaar die volle waarheid is. Ook die verlossing deur Jesus Christus alleen is die volle waarheid. Maar ware geloof is vir die gelowige ook die vaste vertrou dat dit wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het, het Hy uit louere genade ook vir die gelowige gedoen. Christus het sy skuld ten volle betaal. Al het daar niks aan die gelowige se uiterlike verander of aan sy omstandighede verander nie. Deur die geloof vertrou hy dat Jesus Christus hom verlos het. Daarom kan die gelowige ook in tye van teëspoed leer om geduldig te wees, in tye van voorspoed leer om dankbaar te wees. En vir wat ook al in die toekoms gaan gebeur, kan hy sy vertrou ten volle in sy getroue God en Vader stel. Ter wille van Christus regeer God self elke gebeurtenis in hierdie lewe, en ter wille van Christus sal God elke verlose veilig by Hom in die ewige heerlijkheid inbring.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 18:13, 14 (p. 75)

- 13 Die HEER verlig die harde juk / van wie hier sug in leed en druk;  
maar Hy verneder dié wat hoog / en ydel is van hart en oog.  
My lamp brand in die donker uur; / God het my donker opgeklaar!  
Met God storm ek 'n leërskaar / en met Hom spring ek oor 'n muur!
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,  
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal  
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!  
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
5 Februarie 2017